

Skriflesing: Lukas 24: 13 – 35Teks: **Lukas 24:34**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 147:1,6****TYDENS EREDIENS – Ps. 150:1,2; Ps. 68:9; Ps. 25:1,5; Ps. 116:1,7****Lukas 24: 13 – 35****Luk 24:13** Op dieselfde dag was twee van hulle op pad na 'n dorpie met die naam Emmaus, twaalf kilometer van Jerusalem af.**Luk 24:14** Hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het.**Luk 24:15** Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop,**Luk 24:16** maar hulle oë is verhinder om Hom te herken.**Luk 24:17** Hy vra hulle toe: "Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?" Met somber gesigte gaan hulle staan,**Luk 24:18** en een van hulle, met die naam Kleopas, antwoord Hom: "Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem dat u nie weet van die dinge wat in die afgelope dae daar gebeur het nie?"**Luk 24:19** Hy vra vir hulle: "Watter dinge?" Hulle antwoord Hom: "Die dinge in verband met Jesus van Nasaret, 'n profeet wat magtig was in woord en daad voor God en die hele volk;**Luk 24:20** en hoe ons priesterhoofde en die lede van ons Raad Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word, en Hom gekruisig het.**Luk 24:21** Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos. Maar boonop is dit vandag al die derde dag vandat die dinge gebeur het.**Luk 24:22** En nou het 'n paar vroue uit ons kring ons ook nog ontstel. Hulle was vanmôre vroeg by die graf**Luk 24:23** en kon sy liggaam nie kry nie. Hulle het kom vertel dat hulle 'n verskyning gesien het van engele wat gesê het Hy lewe.**Luk 24:24** Sommige van ons mense het ook na die graf toe gegaan en dit net so gekry soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie."**Luk 24:25** Toe sê Hy vir hulle: "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?"**Luk 24:26** Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie?"**Luk 24:27** Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.**Luk 24:28** Toe hulle by die dorpie aankom waarheen hulle op pad was, het Hy gemaak of Hy verder wou gaan.**Luk 24:29** Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby." Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly.**Luk 24:30** Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle.**Luk 24:31** Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.**Luk 24:32** Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"**Luk 24:33** Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar,**Luk 24:34** en dié sê: "**Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!**"**Luk 24:35** Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.**Skriflesing:** Lukas 24: 13 – 35Teks: **Lukas 24:34**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 147:1,6****TYDENS EREDIENS – Ps. 150:1,2; Ps. 68:9; Ps. 25:1,5; Ps. 116:1,7**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, by hierdie derde verskyning wat die opgestane

Here gemaak het, mag dit aanvanklik lyk ons het eintlik te min inligting. Ons weet nie eers op

watter dag van die week dit gebeur het nie, hoe lank dit geduur het nie, waar Petrus op daardie

stadium was nie. Ons het eintlik minder as 'n enkele sin... al wat ons by die derde verskyning lees is dat die Here *ook aan Simon verskyn het*. Niks meer nie. Ons het wel so enkele weke gelede dieselfde gebeurtenis in 1 Kor. 15 ook gelees- vers 5 staan dit ook baie kort *dat die Here ook aan Cefas verskyn het en daarna aan die twaalf*. Gou moet ons vandag agterkom dat hierdie derde verskyning mag dalk voorkom asof daar nie veel hiervan aan ons vertel word nie, maar dit is juis wat die derde verskyning so 'n wonderbare gebeurtenis maak in wat agter hierdie derde verskyning lê.

In die vorige twee verskynings was dit elke keer aan vroue aan wie die Here Hom geopenbaar het. Nou vir die eerste keer is hier 'n verskyning aan 'n man ter sprake. En nie somer enige man nie, maar die dissipel wat ons sy Hebreuse naam in 1 Korintiërs lees nl. *Cefas* en in Grieks is hy die bekende Petrus. Hoekom daar 'n besondere aparte verskyning van die opgestane Here aan Simon Petrus gemaak is laat ons vandag besef watter liefde daar vir Petrus was. In Johannes 21 word die vraag na wederliefde soos 'n hamer wat 'n spyker diep moet inslaan tot 3X toe aan Petrus gevra, juis vanweë die feit daar 'n 3X verloëning plaasgevind het. Hoe Petrus dit elke keer moes antwoord toe daar drie maal diep aan hom gevra was- *Simon, seun van Johannes, het jy my waarlik lief?* Hierdie liefdes vrae laat ons die diepere besinning by hierdie derde verskyning net nog gouer insien.

By die eerste verskyning aan Maria Magdalena, toe sy aanvanklik gedink het die opgestane Here is eintlik maar die man wat die tuin van die graf versorg, gou het sy haar fout agtergekem. Dit wat die Here in sy verskyning aan Maria Magdalena wou beklemtoon is dat daar ware geloofsgroei in ons geloof moet wees. Maria kon Jesus nie hier op aarde wil vashou nie. Deur geloofsgroei sou sy kon erken dat as die Here na die hemel opvaar dan is daar nog soveel meer waarde daarin dat Christus waarlik uit die dood opgestaan het. Sonder geloofsgroei sal my gebrek aan insig en kennis my telkens in my geloof laat struikel.

Verlede Sondag was ons by die Here Jesus se tweede verskyning aan die drie vroue nadat hulle bang en ontnugter van die leë graf na Jerusalem teruggestap het, met baie vrae en baie onsekerheid. Meteens het Jesus aan hulle verskyn en sy eerste woorde was- *Wees gegroet!* Ons het verlede Sondag dit kon raaksien dat die Here wil dat daar ook ware geloofsvreugde in ons

moet wees as ons in die opgestane Here glo. As daar nie meer blydskap en vreugde in ons geloof oorgebly het nie, dan het ons eintlik by 'n kruispad gekom. Dan is die afdraai na 'n dooie geloof net die volgende stap wat in jou 'n doodse gevoel laat as daar oor hierdie groot dinge gepraat word.

Vandag besef ons as die eerste verskyning geloofsgroei wou bring, die tweede verskyning gaan om geloofsvreugde, dan is die kernsaak wat Jesus by die derde verskyning wou tuisbring hoe belangrik ware en opregte liefde in ons lewe is. In die eerste plek liefde vir God en in die tweede plek liefde tussen mekaar. Sonder liefde kan daar nie geloof wees nie, maar net sowel sonder geloof kan daar ook nie ware liefde wees nie. Geloof en liefde is soos ons twee arms aan ons liggame of ons twee hande, hulle moet kan saamwerk om werklik die hand hand te laat wees en dat die arm arm kan wees.

Liefde is in baie opsigte van die mees misbruikte woorde wat daar is. In so baie opsigte het so baie mense die ware betekenis van liefde al so verdraai en verplaas en vervlak dat wanneer die gelowige in liefde handel dan moet ons ware liefde wil leer by Hom wat uit die dood opgestaan het en ook aan Petrus verskyn het. As Jesus vir Petrus nie waarlik liefgehad het nie, wat sou van Petrus kon oorbly?!

Petrus is die een wat vanaf die Donderdag-aand van Jesus se gevangening tot daardie Vrydag van Jesus se kruis en dood aan ons wys dat dalk het ons nie altyd sulke slegte bedoelinge nie, tog is ons in staat om mekaar so seer te maak, te verraai, te verloën, met woorde te vermoor. Een sanger het al gesing van die woordeboek-geweer. Hoe dikwels spat die koeëls van hierdie geweer nie ook uit ons monde nie. Toe Jesus voor die Joodse Raad verskyn het weet ons het Petrus daar eenkant gestaan, by van die brandende vure, om alles so op 'n afstand dop te hou. Hy wil nie nader gekom het nie, maar wou ook nie heeltemal weggaan nie, want sou hy die uitslag van daardie verskriklike verhoor daardie nag nie wou mis nie.

Dan kom die tragiese wat vir ons wys hoe maklik die liefde kan faal as die mens veronderstel is om dit te bewys. Drie maal het hy daardie nag ontken dat hy ook 'n dissipel van Jesus is. Drie maal het hy tussen die vure deur naderhand vloekend en skellend dit ontken dat hy geen deel aan

Jesus het nie, dat hy as't nimmer nooit sy dissipel was nie. Vir die diensmeisie sê hy in Lukas 22:57- *Vrou ek ken Hom nie.* Vir 'n man daarna ... *Man, ek is nie.* Daarna waar hy steeds agter die vuur sit sê hy 'n derde maal- *Man, ek weet nie wat jy sê nie.* Hy het dit selfs met 'n eed ontken. Toe het die haan gekraai. Vir die wêreld het hy die haatmasker opgesit en daarmee het hy sy Here verloën.

Ons kan ons dit voorstel soos die gekraai van die haan soos 'n trompetgeskal in die stille nag sou weergalm het Petrus kon besef wat het Jesus oor my geprofeteer. Jesus wat hom gewaarsku het hoe dit hy wat Petrus is wat die Here sou verloën. Dit alles het gemaak dat Petrus met homself baie moeilik verder sou kon saamleef. Judas het reeds selfmoord gaan pleeg oor wat hy gedoen het want Judas het Jesus verraaï omdat hy die wêreld te liefgekry het. Petrus aan die ander kant het Jesus verloën, nie omdat hy te lief was vir die wêreld nie, maar omdat hy te bang was vir die wêreld. Sy vrees staan geskrywe teen die agtergrond van wat gaan met my gebeur as die wêreld moet weet ek was ook een van sy manne. En dan gebeur wat Petrus die hardste sou skok ... asof hy in 'n elektriese stroom hom vasgeloop het Dit wat ons in Lukas 22 vers 61 lees- *En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk, en Petrus het die woord van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.*

Die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk... Dit wat Petrus in die Here se oë sou lees is nie haat nie, ja as Jesus maar net mens was dan was dit seker die bitterste haat denkbaar. In Jesus se oë sou dit diep hartseer wees. In Jesus se oë sien ons die venster van die Here se hart wat so diep geraak is dat niks gesê is nie. Dit wat Petrus in Jesus se oë op daardie oomblikke gelees het, was skerper en seerder as wat woorde kan wees.

Ons lees ná hierdie kyk in vers 62- *En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween.* Net 'n woordelose kyk het Petrus se hele wêreld in duie laat stort. En dit is wat Jesus ook geweet het. Petrus het buitentoe gegaan sonder dat hy die Here om verskoning kon vra. Die Here het gesterf en Petrus kon nie regmaak nie. Hoe bitter sou die res van die lewe nie wees as dit die laaste sou wees waarmee Petrus die res van sy lewe sou moes saamleef dat ek het my Here verloën en Hy het my aangekyk en toe was dit verby. Die selfverwyt, die baie keer se waarom wat ons as

mense so gedaan kan maak. Petrus sou deur dit alles moes gaan en hy sou eintlik uit homself nooit weer daarvan kan loskom nie.

As dit nie vir die Here se liefde was en dit wat God se liefde alleen kan regkry nie, dan sou dit maar ook die einde van die pad vir hierdie Petrus gewees het, wat mense gedink het hy is 'n rotsman. Die rots waarop die kerk gebou moes word sou darem maar 'n ou verkrummelde rotsie gewees het as die bouwerk van die kerk van ons as mense moes afhang. Genadiglik hang die toekoms van die kerk nie af van wat ons as mense is nie, maar die rots waarop die kerk kan bly staan is nie 'n mens nie, maar is die ware geloof, die ware belydenis dat Jesus die Seun van God is en die Hoof van sy Kerk is. Die rots waarop die kerk gebou is en die kerk wat op die rots gebou is, kan net Een wees en Hy is ons Here Jesus Christus. Hy die opgestane Here wat ook apart aan Petrus verskyn het. Ons wil aanvaar op dieselfde Sondag as wat die opstanding plaasgevind het.

Daardie Sondagoggend wat Maria Magdalena uitasem by Johannes en Petrus aangehardloop gekom het om hulle die leegheid en gebeure by die graf mee te deel. Haar ontmoeting met die Here sou eers gebeur na sy ook weer na die graf teruggegaan het en Petrus en Johannes ook die graf in 'n baie netjiese toestand aangetref het. Petrus wat ons toe reeds gesien het, het vanweë sy aard vinniger as Johannes na die graf wou haas maar sy jare het teen hom begin tel maar daar het nog 'n grote seer teen hom getel. Ek het die Here verloën, wat gaan ek nou daar aantref, dit wat met my gebeur het, is alreeds so erg, moet alles nou nog erger wees dat Jesus se dooie liggaam nou ook weg is?! Ons kan ons dit indink hoekom Petrus al hoe korter tree begin gee het hoe nader die graf geword het. Ons kan ons dit indink hoe Jesus Self Petrus se seer, onsekerheid en selfverwyrt met elke tree en elke hartklop net nog harder en seerder sou voel. Jesus sou die noodsaak van 'n aparte verskyning aan Petrus die beste en duidelikste besef.

Al het Jesus Homself nou alreeds aan vier vroue geopenbaar en het Petrus met groot oë en verwondering hulle getuienisse en blydschap kon aanhoor en sien is dit tog nie hy wat self nog getuie kon wees nie. Hyself kon tot op daardie punt net oor al die dinge begin wonder, die netjiese graf, die liggaam wat weg is, waarheen nou, in watter toestand is Jesus nou? Leef Hy werklik, is dit nie alles verbeelding en 'n skynbeeld en skyn liggaam wat die vroue gesien het

nie. Vroue wat vanweë hulle vrouwees dalk te gou met dinge op hol kan raak wat nog nie deurdink, nog nie getoets, nog nie bewys, nog nie gesien kon word nie, dis alles verdere gedagtes en worstelinge van Petrus te midde van die pyn wat aan hom sou bly vreet. Petrus sou sekerlik ook daardie dag die ander vroue, die ander Maria, Jakobus se ma, Salomé en ook Johanna dit hoor sê het dat Jesus by monde van hierdie vroue wel sy dissipels na Galilea wou verwys dat by daardie adres sou Hy aan hulle verskyn. Ja, juis by Galilea waar hulle almal die eerste keer dissipels kon word, nou weer Galilea om 'n nuwe begin met hulle te maak. Ons het mekaar wou wys op die noodsaak van die nuwe begin wat ons ook op grond van Jesus se opstanding ook in ons lewens moet kan maak.

Tog eers sou alles vir Petrus 'n groter werklikheid kon word toe daar aan hom wat Petrus is 'n aparte verskyning van die opgestane Here was. Dit het Petrus in die oorweldigende krag van liefde wat alleen God se liefde kon bewerk moes intrek. 'n Liefde wat ons alleen met liefde sal kan antwoord sonder om te dink ons kan ooit hierteenoor 'n teenprestasie lewer. In die wêreld van liefde wat God se wêreld is, kan ons alleen op God se genade reken. Watter troos om te weet vir iemand soos Petrus was daar liefde geskenk, so oorweldigend, hy is genade geskenk meer as genoeg.

Daar waar hy en die opgestane Here alleen saam was daar sou dit alles uitgepraat kon word. Alleen die Here en Petrus weet wat by hierdie verskyning gesê is. Hierin lê juis God se genade. Petrus se skande word nie vêrder in die openbaar oopgevelek nie. Daar waar hy en die Here alleen saam is, daar vind vergewing en versoening plaas. Dis asof Christus Self die skande van Petrus bedek. Geen ander mens was getuie toe hierdie besondere verskyning plaasgevind het nie.

Dit sê ook vir ons dat in ons binnekamers, in ons alleen gesprekke met God, hoe baie kan nie daar reeds plaasvind nie. Daar waar jy jou deure vir die buitewêreld gesluit het, kan voor God gekniel word, kan jou skuld erken en bely word, kan jy reeds vergewe word. Daar kan die diepste geheimenisse en swaarste laste wat daar op jou en my druk deurgepraat en deurworstel word. Daar kan Christus die laste van jou skouers afhaal en word jou sondes ook deur sy bloed

bedek. In die stilte, in jou intieme saamwees met God lê waarde opgesluit groter as wat ons kan bereken.

Hierdie ontmoeting tussen Petrus en Jesus alleen was natuurlik ook die voorbereiding vir wat weer later moet gebeur. Jesus het in Johannes 21 op die strand gestaan en sy dissipels het maar weer gaan visvang en niks gevang nie. Daar uit hulle vislose boot erken Johannes dat die man op die strand eintlik die Here is. Petrus sonder hemp spring in die water maar dieselfde man sonder hemp moet op die strand 3X die vraag aanhoor of hy die Here werklik lief het. Hy moet nie net sy hemp aantrek nie, maar hy moet werklik weer in die amp aangetrek word. Eers was dit 'n geheime gesprek tussen hulle, nou maak die Here dit 'n baie openlike en openbare gesprek deur hom keer op keer te vra of hy die Here werklik lief het. Hier vind ampsherstel plaas, maar die herstel sou moeilik wees was dit nie vir daardie eerste verskyning aan Petrus wat ons net die feit van die verskyning hoor maar die inhoud van wat werklik gesê is weet ons niks van nie. Ons hoef nie die inhoud te ken om steeds die waarde van hierdie verskyning te besef nie.

Mag dit wees dat u ook in vandag se verskyning die hart van God se liefde vir sy kinders raaksien. Ook hoe die Here jou en my skandes en skaamtes raaksien maar ons nie verstoot nie. Juis word ons gewys op hoe nodig daardie alleen gesprekke met God is. En hoe die Here dit verder kan vat. Die Here op grond van sy werk van jou bekering kan eis maar ook wie hom/haar bekeer is reeds vergewe. Hoe jy dan in die openbaar werklik vir God kan lewe, selfs as die Here jou bring by die amp waarin jy weer vir Hom moet dien. Waar Christus 'n aparte verskyning aan Petrus gemaak het, sal ons die waarde en die intieme hiervan nooit kan meet nie, maar weet daar is groot dinge gesê wat in Petrus se lewe, die res van sy lewe 'n groot verskil sou maak. Sy latere twee briewe bevestig dit ook nog weereens.

AMEN